
# *Vensterkoop*

*Jaco Jacobs*



soos 'n sluiper agtervolg ek jou deur die winkelsentrum
jou eindbestemming: totalsports
myne: look & listen
wie sou kon raai dat jy saam met jou *ma* rugbytoks koop?
ek sou my eerder 'n breedgeskouerde pa op so 'n inkopie-uitstappie
verbeel ('n voormalige Cravenweek-speler, breëbors oor die seun wat
in sy voetspore volg)
of growwestem-pelle saam met wie jy om die rakke skrum
    vensterkoop-vensterkoop
    kyk ek hoe jy met 'n kennersoog die logge stewels
    bekyk
    bevoel
    bewonder
    die verkoopsman kopknikkend ondervra
    geïrriteerd met jou ma kibbel oor die prys
    wik en weeg tot die skoen jou pas
op pad uit
met die sak soos 'n trofee onder jou arm
betrap jou blik my meteens onkant
rooigesigkaart
*sien-my-moenie-my-sien-nie*
maar soos 'n blinde ref kyk jy reg bo-oor my
en later in die winkel
bekyk ek gefassineerd die bonkige butch boots
(waarin jou voete nou-nou nog was)
met ysterpenne onderaan om enige iets te vertrap
handelsmerke koggel hul slagspreuke soos 'n vyandige skare:
Just do it.
Impossible is nothing.
"kan ek help?" vra die verkoopsman
lomp en onatleties systap ek hom
*ek-kyk-net-dankie*



## Verstaan die gedig

1. Waaroor dink jy gaan 'n gedig met die titel "vensterkoop"? (1)
2. Waarin stel die spreker belang en waarin stel die aangesprokene belang? (1)
3. Saam met wie het die aangesprokene gaan inkopies doen? (1)
4. Waarom dink jy het hy en sy gekibbel oor die prys? (1)
5. "wik en weeg tot die skoen jou pas": Wat kan hierdie reël letterlik en figuurlik beteken? (2)
6. In reël 17 tot 22 word die seun beskryf toe hy uitstap uit die winkel. Watter verwysings is daar wat pas by 'n wedstryd? (2)
7. Reël 26: Die stewels wat die seun gekoop het, het "ysterpenne onderaan om enige iets te vertrap". Wat dink jy kan die "enige iets" wees? (1)
8. Waarom "koggel" die slagspreuke teen die mure die spreker? (1)
9. Wat gebeur in die laaste drie reëls? (1)